RINGBALL SOUTH AFRICA

www.ringbalsa.co.za

Posbus 35702
Menlopark
0102

Tel: (012) 426 8292 (b)
Cell: 082 797 1580
Fax: 086 656 7885
email: letitia@agsa.co.za

RingbalSA/Omsendbrief 8/2014

3 Julie 2014

Aan: Provinsiale federasies
Distrikte
Uitvoerende bestuur

Ons kry verskeie navrae rakende die toernooigelde per speler wat betaalbaar is.

Die bedrag beloop R300 per persoon vir juniors en seniors, en nie R270 soos in die jaarverslag aangedui nie. Die rede hiervoor is dat die bedrag nie tydens die AJV in November 2013 bespreek is nie aangesien finansies nie ter tafel was nie. Die finansies-gedeelte van die AJV is oorgeskuif na die halfjaarlikse AJV in Junie (wat nie kon plaasvind nie omdat daar nie ‘n kworum teenwoordig was nie).

Tydens die samestelling van die begroting (in Maart 2014) het die bestuur van RingbalSA vasgestel dat ons verhoogde registrasiegelde, asook verhoogde toernooigelde benodig om die sport suksesvol te bedryf in die jaar 2014/15. Ons het egter met die verandering van ons finansiële jaar en die goedkeuring van die begroting nie in ag geneem dat die goedkeuring eers in Junie sou plaasvind wanneer ons reeds diep in die seisoen was nie.

Daar is dus besluit om nie die verhoogde registrasiegelde in te stel nie (dit is die vierde jaar agtereenvolgens wat die registrasiegelde nie verhoog is nie) en ons moes noodgedwonge die begroting dienooreenkomstig sny. Ons moet egter wel by die verhoogde toernooigelde van R300 per speler volstaan om verdere besnoeiïngs aan die begroting te vermy. Die begroting is reeds tot so ‘n mate aangepas dat dit nie vir ons moontlik sou wees om die sport te bestuur indien dit meer besnoei moes word nie.

Die bestuur voel dat ons onsself graag wil verlaat op die gevoel van ‘goodwill’ van beide die bestuur en die spelers, aangesien dit noodsaaklik is om die administrasie van die sport suksesvol te maak.

Ons vertrou dat almal die situasie sal verstaan.

Letitia Greenberg

SEKRETARIS-GENERAAL